



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2: SKRYF**

**FEBRUARIE/MAART 2009**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye en 'n rubriek-bylae van 16 bladsye.

## ■ **ALGEMEEN**

1. Gebruik die rubrieke in die assesseringsriglyne.

**Bylaag A:** Vraag 1 – Opstel

**Bylaag B:** Vraag 2.1 – Informele brief

Vraag 2.2 – Dialoog

Vraag 2.3 – 'n Verslag

Vraag 2.4 – Brief aan die pers

**Bylaag C:** Vraag 3.1 – Advertensie

Vraag 3.2 – Roete-aanduiding

Vraag 3.3 – Stappe om 'n motor skoon te maak

2. Bestudeer en bespreek die rubriek baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning by die rubriek ingesluit is.

3. As skryfstukke **heeltewel** uit die vraestel saamgeflans word/dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies opeenvolgend nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Geen eie werk nie/Saamgeflans**.

4. As 'n onderwerp misgetas is, word die leerder se antwoordeboek na die senior nasiener verwys. Die kandidaat moet volgens die rubriek baie laag op inhoud aangeslaan word.

5. Indien daar twyfel oor 'n onderskeidingskandidaat se skryfstuk(-ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.

6. Die grensgevalle: slaag/druip moet net op die finale punt oorweeg word deur hoofnasiener. Die volgende moet in ag geneem word:


- Die kandidaat se taalvermoë (redelik goed/swak/hopeloos).
- Kommunikasie/boodskap (redelik verstaanbaar/glad nie verstaanbaar nie/hopeloos).
- Kandidaat se punte in al drie afdelings (is dit konsekwent/wisselend).

**SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN**

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Spelfout	<u>        </u>	Kort strepie onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	<b>T</b> (in die kantlyn)	Hoofletter <b>T</b>
Woord(e) weggelaat	^	Weggelaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbel skuinsstreep
Herhaling	<b>hh</b> (in die kantlyn)	Dubbele <b>hh</b>
Onduidelik/onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	<b>Vr</b> (in die kantlyn)	Hoofletter <b>V</b> kleinletter <b>r</b>

■ **NEERSKRYF VAN PUNTE**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
2. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens **Taal** en **Inhoud** na aanleiding van die **sewe kodes**.
3. Bepaal dan hoe goed, gemiddeld of swak die skryfstuk is, bv. vir 'n opstel 30 – 34 uit 40 (Inhoud: verdienstelik; taal: uitmuntend).  
Skryf net EEN punt neer, bv. 34.
4. Hou die **persentasies** by die kodes in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
5. Skryf die punt volgens die rubriek só neer:



**■ AFDELING A: OPSTELTIPES****VERHALENDE OPSTEL**

Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

- Die inleiding moet treffend wees.
- Dit het 'n sterk storielyn.
- Uitbeelding van karakter(s) is geloofwaardig waar van toepassing.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- 'n Funksionele samehang in die ontvou van die storie is belangrik.
- Gebruik gepaste taal en styl vir die tekssoort.
- 'n Treffende/buitengewone slot rond dit finaal af.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- Die inleiding moet treffend wees.
- Dit kan enige atmosfeer hê; dit kan ook saaklik wees.
- Dit behoort 'n prentjie met woorde te teken.
- Gebruik interessante en beskrywende woorde.
- Woorde en uitdrukkings moet versigtig gekies word om die gewenste effek te verkry.
- Gebruik sintuiglike waarnemings: soos jy dit sien, hoor, voel, ruik en proe.
- Gebruik gepaste taal en styl vir die tekssoort.
- 'n Treffende/buitengewone slot rond dit finaal af.

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## ■ ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geproduseer word, kan dus **enige een van die twee tipes opstelle wees** soos hierbo uiteengesit. Verskillende kognitiewe vlakke onderliggend aan die NKV word dus hier in ag geneem.

VRAAG	VERHALEND	DENKVLAK	BESKRYWEND	DENKVLAK
1.1	✓	1		
1.2	✓	2		
1.3			✓	1
1.4			✓	1
1.5			✓	2

## ■ ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK

*Verwys na opsomming van vrae op bladsy 13*

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## ■ AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2.1 INFORMELE BRIEF

#### INHOUD

- Dis 'n brief waarin jy jou maat raadgee oor hoe om die saak te hanteer.
- Al die nodige inligting word verskaf - hoe sy haar sustertjie en verskillende persone in die skool moet hanteer.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n geselstrant.
- Die slotsin kan simpatie en finale opsommende raad bevat.

#### FORMAAT

- Die adres word regs bo geskryf.
- Die datum word voluit geskryf.
- Die aanhef word teen die linkerkantlyn geskryf en is informeel.
- Die inleidingsparagraaf spreek die probleem aan.
- 'n Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- "Groete" word as 'n aparte paragraaf hanteer.
- Die slot is: Jou maat/Jou vriend(-in).
- Die naam van die skrywer/skryfster.
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef of slot nie.

**Voorbeelde van die adres:** By straatname kan die eienaam- en soortnaamkomponente los, vas of met 'n koppelteken geskryf word.

Posbus 88	Huis 342	Plot 588	Debrahof
Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Kode	Kode	Kode	Kode

Kerk straat 1	Kerk-straat 1	Kerkstraat 1
Voorstad/Uitbreiding	Voorstad/Uitbreiding	Voorstad/Uitbreiding
Stad/Dorp	Stad/Dorp	Stad/Dorp
Kode	Kode	Kode

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie. Die woord *straat* mag los geskryf word, bv. Wessels Straat/straat.

## VRAAG 2.2 DIALOOG

### INHOUD

- Dit is 'n openhartige gesprek tussen twee vriende.
- Daar is 'n argumenterende geselstrant.
- Die maat hou nie van die vreemdelinge in die land nie. Duidelike argumente word gegee waarom hulle nie hier welkom is nie.
- Die skrywer gee redes waarom hy/sy verkeerd is.
- 'n Aanval(-le) word bespreek.
- Die gevolge van die aanvalle word bespreek.
- Die slotsinne spel duidelik uit hoe die probleem van vreemdelinge in ons land hanteer moet word.
- Die aanspreekvorm moet korrek wees.

### FORMAAT

- Die name van die sprekers is netjies onder mekaar neergeskryf.
- Na elke naam is 'n dubbelpunt.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Die spreekbeurt volg op mekaar om 'n aaneenlopende gesprek te vorm.
- Laat 'n reël tussen elke spreekbeurt oop.
- Die spreekbeurt is in blokvorm.

## VRAAG 2.3 VERSLAG

### INHOUD

- Die datum, tyd en plek waar die vergadering gehou is, word genoem.
- Die probleem van die ou skooldrag word bespreek.
- Daar moet gesê word wat seuns en dogters wil dra.
- Die datum vir die nuwe skooldrag word bepaal.

### FORMAAT

- Opstelvorm met of sonder onderafdelings, of
- Puntsgewys met of sonder nommers.

**VRAAG 2.4 BRIEF AAN DIE PERS****INHOUD**

- Die brief hanteer die inhoud op 'n meer formele vlak.
- Die inleidingsparagraaf sluit by die inhoud van die formele brief aan.
- Die taalgebruik en styl is formeel en saaklik.
- Eie opinie oor jeugdagvierings.
- Redes word gegee waarom hy/sy tevrede of ontevrede is met die huidige vierings en hoe dit verander moet word.
- Die uiteensetting van inligting is logies en samehangend.
- 'n Duidelike uiteensetting van probleem en sinvolle oplossing word aangebied.

**FORMAAT**

- Die adres van die skrywer is regs bo geskryf.
- Die datum is voluit geskryf.
- Rig die brief aan die redakteur/redaktrise.
- Die adres van die koerant is teen die kantlyn links bo geskryf (Posadres is gegee).
- Laat 'n reël oop tussen die twee adresse.
- Laat 'n reël oop na die tweede adres.
- Die aanhef is teen die linkerkantlyn geskryf en is formeel (Geagte Heer/Dame/Meneer/Mevrou).
- Laat 'n reël oop voordat die onderwerp geskryf word (JEUGDAGVIERINGS VIR ALLE JONGMENSE IN SUID-AFRIKA).
- 'n Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die regte naam of die pseudonaam van die skrywer vorm die slot.
- Daar is geen punktueasie in die adres, aanhef of slot nie.
- Indien die skrywer se adres links onderaan die brief verskyn, moet dit as reg aanvaar word.

**ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke,

onderliggend aan die NKV word hier in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
2.1	Informeel Brief	1
2.2	Dialog	3
2.3	Verslag	2
2.4	Brief aan die Pers	3

■ **ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK**

*Verwys na opsomming van vrae op bladsy 13*

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## ■ AFDELING C: KORTER TEKSTE

### VRAAG 3.1 ADVERTENSIE

#### INHOUD

- Die diens word baie duidelik en op 'n gepaste manier aangebied.
- Die keuse van woorde en sinne bring mee dat die advertensie effektief is/trefkrag het.
- Die inhoud is interessant, volledig en duidelik uiteengesit om die leser se belangstelling/nuuskierigheid te prikkel.
- 'n Duidelike boodskap wat die teikengroep in gedagte het, word oorgedra.

#### FORMAAT

- 'n Advertensieformaat wat by die inhoud pas.
- Let op uiteensetting: posisionering van woorde en sinsdele/sinne, lettergroottes, opskrifte en algemene afronding vir 'n geslaagde eindproduk.

### VRAAG 3.2 ROETE-AANDUIDING

#### INHOUD

- Sinne moet in die teenwoordige tyd wees, gewoonlik bevelsinne wat met 'n werkwoord begin.
- Verduideliking moet in volsinne wees.
- Die besonderhede/detail oor hoe om te ry, moet duidelik, logies en stapsgewys oorgedra word.
- Verduideliking moet kort en bondig wees.
- Die taalgebruik en styl moet gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n informele geselstrant wees.
- Die inhoudskategorie word bepaal volgens die volledigheid van die inligting gegee.

3.2.1 Enige **TWEE** strate uit die moontlike **DRIE**. (Pop-, Oos- en Elsstraat – Elsstraat kan gekruis word of kandidate kan regs draai in Elsstraat in.)

Jy is in **Kerkstraat**.✓

Ry oor 2 strate, **Popstraat**✓ en **Oosstraat**.✓

Die stasie is in **Elsstraat**/Parkeerarea is in **Kerkstraat**.✓

Die **TWEE** rigtings moet genoem word:

Draai **regs** in Elsstraat./ Draai **regs** na Elsstraat by die parkeerarea.✓

Die stasie is aan jou **linkerkant**/ reg voor jou.✓

Enige **DRIE** bakens:

Ry verby die **kliniek**✓ (**regterkant**),✓ **restaurant**✓ (**linkerkant**),✓ **moskee**✓ (**regterkant**),✓ **vismark**✓ (**linkerkant**)✓ en **winkel**✓ (**linkerkant**).✓

(Enige **DRIE**)

Maksimum: 8 punte



- 3.2.2 Ry in **Elsstraat** oor **Kerkstraat**./Draai regs vanuit **Kerkstraat** in **Elsstraat**.✓  
Ry verby die **skool**✓ (**regterkant**).✓  
Ry verby die **winkel**✓ (**linkerkant**).✓  
Ry verby **Kusstraat**✓ (**linkerkant**).✓  
Draai **links** na die hotel.✓

Maksimum: 5 punte

- 3.2.3 Noem **TWEE** strate, rigting en **TWEE** bakens.  
Ry 'n kort entjie op in **Elsstraat**.✓  
Draai **regs** in **Kusstraat**.✓  
Parkeer in die **restaurantparkering**✓ en stap na die boot toe.✓  
Die boot vaar onder die **padbrug**✓/ die **treinbrug**✓/ deur verby die  
**restaurant**✓/ **kliniek**.✓  
(Enige **TWEE** bakens)

Maksimum: 5 punte

## FORMAAT

- Opstelvorm met of sonder onderafdelings, of
- Puntsgewys met of sonder nommers.

### VRAAG 3.3 INSTRUKSIES: HOE OM 'N MOTOR SKOON TE MAAK

#### INHOUD

- Stappe moet in die teenwoordige tyd wees, gewoonlik bevelsinne wat met 'n werkwoord begin.
- Die besonderhede/detail oor hoe om 'n motor te was, moet duidelik, logies en stapsgewys oorgedra word.
- Die stappe moet kort en bondig wees.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/"saaklik".
- Die **inhoudskategorie** word bepaal volgens die volledigheid van stappe. Sien na volgens die rubriek uit 20.

Die volgende stappe is 'n voorbeeld van hoe die onderwerp aangepak kan word:

1. Parkeer die motor in die skaduwee naby 'n kraan.
2. Gebruik 'n tuinslang en spoel die motor met water af.
3. Meng motorwasmiddel en water in 'n emmer.
4. Gebruik 'n sagte lap om die motor te was.
5. Was die motor met die seepwater.
6. Begin bo en was die dak van die motor.
7. Was dan die vensters en daarna die onderste gedeelte.
8. Was die wiele laaste.
9. Spoel die seepwater van die motor af.
10. Vryf die motor droog met 'n droë lap.
11. Politoer die motor met die regte soort politoer.
12. Poets dan die motor.
13. Verwyder al die papiere en vuilgoed uit die motor.
14. Stof die motor met 'n lap aan die binnekant af.
15. Maak die motor aan die binnekant skoon met 'n stofsuier/besempie en 'n skoppie.
16. Politoer die plastiekgedeeltes in die motor.
17. Poets die plastiekgedeeltes in die motor.

#### FORMAAT

- Stapsgewys.
- Die volgende inligting moet in die stappe wees: wat gebruik word en die metode hoe die motor aan die buite- en binnekant skoongemaak word.

**ONTLEDING VAN KORTER TEKSTE**

- Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
3.1	Advertensie	2
3.2	Roete-aanduiding	2
3.3	Instruksies	2

■ **ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK**

Verwys na opsomming van vrae op bladsy 13

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

**KONTROLELYS VIR OPSTEL EN MODERERING**

ALGEMENE NKV BEGINSELS	VRAAGNOMMER	KOMMENTAAR
1. Sosiale transformasie	1.2 1.3. 2.1, 2.2, 2.4	
2. Uitkomsgebaseerde onderwys	Afdeling A, B en C	As uitvloeisel van UGO
3. Hoë kennis/vaardigheid	1.2 ,2.1 2.2 2.4, 3.1, 3.2	
4. Integrasie	Afdeling A, B en C	
5. Progressie	Vlgs. NKV van gr.10 -11	
6. Artikulasie/oordraagbaarheid	Indien kandidaat voldoen aan vereistes	
7. Menseregte/inklusiwiteit/ omgewings-/sosiale geregtigheid	1.2, 1.3, 1.5, 2.1, 2.2, 2.4	
8. Waardering vir inheemse	2.4	
9. Geloofwaardigheid/kwaliteit/ doeltreffendheid	Afdeling A, B en C	

Uitkomsgebaseerde onderwys: KRITIEKE UITKOMSTE	VRAAGNOMMER	TOTAAL/LEEMTE
1. Identifiseer/los probleme op	Afd. A 1.2, 1.3, 1.5, Afd. B 2.1, 2.2, 2.4 Afd. C 3.1, 3.2, 3.3	
2. Werk doeltreffend in groep(e)	Afd. A 1.2, 1.3, 1.5 Afd. B 2.1, 2.2, 2.4 Afd. C 3.1, 3.2	
3. Organiseer en bestuur die self	Afd. A 1.1, 1.2, 1.3,1.4, 1.5 Afd. B 2.1, 2.2, 2.3 Afd. C 3.1 3.2, 3.3	
4. Inligting versamel, ontleed, organiseer en evalueer	Afdeling A, B en C	

5. Kommunikeer doeltreffend	Afdeling A, B en C	
6. Gebruik wet./tegn. doeltreffend	3.1, 3.3	
7. Die wêreld as sisteem: Probleme nie in isolasie nie	Afd. A Afd. B Afd. C	
<b>Uitkomsgebaseerde onderwys: ONTWIKKELINGSUITKOMSTE</b>	<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>TOTAAL/LEEMTE</b>
1. Verskillende leerstrategieë	Afdeling A, B en C	
2. Verantwoordelike burgerskap	Afd. A Afd. B Afd. C	
3. Kultureel/esteties sensitief	Afd. A 1.4 Afd. B 2.1	
4. Beroepsmoontlikhede	Afd. C 3.1, 3.3	
5. Entrepreneurskap	Afd. C 3.1, 3.3	

## OPSOMMING VAN VRAE VAN VRAESTEL 2: MAART 2009

<i>SKRYF</i>	<i>TIPE</i> <i>SKRYFSTUK</i>	<i>LU 3</i> Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik.							
<b>AFDELING A VRAAG</b>	<b>OPSTEL</b>	<b>AS</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>■ Beplan volgens doel, teikengroep en konteks.</li> <li>■ Toon gebruik van skryfstrategieë.</li> <li>■ Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander sienings, eie werk en bied die finale produk aan.</li> </ul>	<b>ONDERWERP</b>	<b>AANBIEDING</b>	<b>UITDAGING</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>VLAK 1</b>	<b>VLAK 2</b>	<b>VLAK 3</b>
1.1	Verhalend		1	1	1	3	1		
1.2	Verhalend		3	2	2	7		2	
1.3	Verhalend		2	1	1	4	1		
1.4	Beskrywend		2	2	1	5		2	
1.5	Beskrywend		2	1	2	5		2	
<b>AFDELING B VRAAG 2</b>	<b>LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b>								
2.1	Informele brief		1	1	1	3	1		
2.2	Dialog		3	1	2	6	1		
2.3	Verslag		2	2	3	7		2	
2.4	Brief aan die pers		3	1	2	6			3
<b>AFDELING C VRAAG 3</b>	<b>KORTER TEKSTE</b>								
3.1	Advertensie		2	1	2	5		2	
3.2	Roete-aanduiding		2	2	2	6		2	
3.3	Instruksies		2	1	1	4		2	
<b>12 onderwerpe/keuses</b>	<b>9 tipes skryfstukke</b>						<b>4</b>	<b>14</b>	<b>3</b>

		<u>UITMUNTEND</u>	<u>VERDIENSTELIK</u>	<u>BEDUIDEND</u>	<u>VOLDOENDE</u>	<u>MATIG</u>	<u>BASIES</u>	<u>ONTOEREIKEND</u>
<p><b>BYLAAG A</b> <b>VRAAG 1.1 - 1.5 : OPSTEL</b></p> <p><b>NSS</b> <b>AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL</b></p> <p><b>AFDELING A: OPSTEL</b></p> <p><b>200 - 250 woorde</b></p> <p><b>40 PUNTE</b></p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>- Al die reëls van formaat word toegepas.</li> <li>- Opstel is meestal grammatikaal korrek en baie goed saamgestel.</li> <li>- Woordkeuse is meestal van toepassing vir die doel, gehoor en konteks.</li> <li>- Styl meestal van toepassing.</li> <li>- Lengte korrek: 150 min. - 300 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Reëls van betrokke formaat is toegepas.</li> <li>- Opstel is goed saamgestel en taamlik korrek.</li> <li>- Woordkeuse is taamlik geskik vir die doel, gehoor en konteks.</li> <li>- Styl taamlik toepaslik.</li> <li>- Lengte korrek: 150 min. - 300 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Meeste van formaatvereiste van teks is toegepas.</li> <li>- Opstel is taamlik goed saamgestel en redelik akkuraat.</li> <li>- Woordkeuse is redelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks.</li> <li>- Styl redelik toepaslik.</li> <li>- Lengte korrek: 150 min. - 300 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Voldoen aan formaatvereiste van teks.</li> <li>- Opstel is redelik voldoende saamgestel.</li> <li>- Foute beïnvloed nie vloei van teks nie.</li> <li>- Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks.</li> <li>- Styl gedeeltelik toepaslik.</li> <li>- Lengte korrek: 150 min. - 300 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Het 'n matige idee van formaat van teks – nalatige foute is gemaak.</li> <li>- Opstel net basies saamgestel.</li> <li>- Verskeie foute.</li> <li>- Woordkeuse is baie beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</li> <li>- Gebrek in styl.</li> <li>- Lengte te lank of te kort: minder as 150; meer as 300.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Het 'n vae idee van formaat van teks.</li> <li>- Opstel is swak saamgestel en baie moeilik om te volg.</li> <li>- Woordkeuse het intense remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</li> <li>- Styl nie geskik nie.</li> <li>- Lengte te lank of te kort: minder as 150; meer as 300.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Het nie formaat van teks toegepas nie.</li> <li>- Opstel is baie swak saamgestel en baie verwarrend.</li> <li>- Woordkeuse deurmekaar en is nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</li> <li>- Styl nie totaal ontoereikend nie.</li> <li>- Lengte ver te lank of te kort: minder as 150; meer as 300</li> </ul>
<b>INHOUD</b>		<b>Kode 7: 80 – 100%</b>	<b>Kode 6: 70 – 79%</b>	<b>Kode 5: 60 – 69%</b>	<b>Kode 4: 50 – 59%</b>	<b>Kode 3: 40 – 49%</b>	<b>Kode 2: 30 – 39%</b>	<b>Kode 1: 00 – 29%</b>
<p><b>Uitmuntend</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Uitstekende kennis van kriteria vir tekssoort.</li> <li>- Leerder behou fokus, geen afwyking nie.</li> <li>- Algehele samehang in terme van inhoud en idees, besonderhede ondersteun onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks.</li> </ul>	80-100% Kode 7	<p>38 – 40: (95 – 100%) 36 – 38: (90 – 95%) 34 – 36: (85 – 90%) 32 – 34: (80 – 85%)</p>	<p>32 – 34: (80 – 85%) 30 – 32: (75 – 80%)</p>	<p>30 – 32: (75 – 80%) 28 – 30: (70 – 75%)</p>				
<p><b>Verdienslik</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Baie goeie kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word.</li> <li>- Leerder behou fokus, feitlik geen afwyking nie.</li> <li>- Inhoud en idees van teks is taamlik samehangend, die besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n taamlik goed beplande teks.</li> </ul>	70-79% Kode 6	<p>32 – 34: (80 – 85%) 30 – 32: (75 – 80%)</p>	<p>30 – 32: (75 – 80%) 28 – 30: (70 – 75%)</p>	<p>28 – 30: (70 – 75%) 26 – 28: (65 – 70%)</p>	<p>26 – 28: (65 – 70%) 24 – 26: (60 – 65%)</p>			
<p><b>Beduidend</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Goeie kennis van kriteria vir tekssoort.</li> <li>- Leerder behou fokus, geringe afwyking.</li> <li>- Inhoud en idees van teks is taamlik samehangend.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n redelike beplande en goeie teks.</li> </ul>	60-69% Kode 5	<p>30 – 32: (75 – 80%) 28 – 30: (70 – 75%)</p>	<p>28 – 30: (70 – 75%) 26 – 28: (65 – 70%)</p>	<p>26 – 28: (65 – 70%) 24 – 26 : (60 – 65%)</p>	<p>24 – 26: (60 – 65%) 22 – 24: (55 – 60%)</p>	<p>22 – 24: (55 – 60%) 20 – 22: (50 – 55%)</p>		

<p><b><u>Voldoende</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Redelike kennis van vereistes van hoe die tekstipe aangebied moet word.</li> <li>- Skryfwerk: leerder fokus, afwyking belemmer nie betekenis van teks nie.</li> <li>- Inhoud en idees van teks is redelik samehangend ,die besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n aanvaarbare teks vir TAT.</li> </ul>	50-59% Kode 4		26 – 28: (65 – 70%) 24 – 26: (60 – 65%)	24 – 26: (60 – 65%) 22 – 24: (55 – 60%)	22 – 24: (55 – 60%) 20 – 22: (50 – 55%)	20 – 22: (50 – 55%) 18 – 20: (45 – 50%)	18 – 20: (45 – 50%) 16 – 18: (40 – 45%)	
<p><b><u>Matig</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Gemiddelde kennis van kriteria vir tekssoort, reaksie op teks toon 'n beperkte fokus.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af, belemmer betekenis van teks plek-plek vaag.</li> <li>- Inhoud, idees en samehang is beperk.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n matige bevredigende en samehangende teks vir TAT.</li> </ul>	40-49% Kode 3			22 – 24: (55 – 60%) 20 – 22: (50 – 55%)	20 – 22: (50 – 55%) 18 – 20: (45 – 50%)	18 – 20: (45 – 50%) 16 – 18: (40 – 45%)	16 – 18: (40 – 45%) 14 – 16: (35 – 40%)	14 – 16: (35 – 40%) 12 – 14: (30 – 35%)
<p><b><u>Basies</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ondergemiddelde kennis van kriteria vir tekssoort, reaksie op teks toon 'n baie beperkte fokus.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks plek-plek nie van toepassing nie.</li> <li>- Baie beperkte samehang in teks.</li> <li>- Geen bewyse van beplanning/konsep nie.</li> </ul>	30-39% Kode 2				18 – 20: (45 – 50%) 16 – 18: (40 – 45%)	16 – 18: (40 – 45%) 14 – 16: (35 – 40%)	14 – 16: (35 – 40%) 12 – 14: (30 – 35%)	12 – 14: (30 – 35%) 10 – 12: (25 – 30%) 08 – 10: (20 – 25%) 06 – 08: (15 – 20%)
<p><b><u>Ontoereikend</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Geen kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word nie.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks nie van toepassing nie.</li> <li>- Teks verwarrend en deurmekaar.</li> <li>- Beplanning/konsep ontbreek. Teks swak aangebied.</li> </ul>	00-29% Kode 1	MISGETAS 22 – 24 20 – 22	MISGETAS 20 – 22 18 – 20	MISGETAS 17 – 19 15 – 19	MISGETAS 15 – 17 13 – 15	14 – 16: (35 – 40%) 12 – 14: (30 – 35%)	12 – 14: (30 – 35%) 10 – 12: (25 – 30%) 08 – 10: (20 – 25%) 06 – 10: (15 – 20%)	04 – 06: (10 – 15%) 02 – 04: (05 – 10%) 00 – 02: (00 – 05%)

		<u>Uitmuntend</u>	<u>Verdiensielik</u>	<u>Beduidend</u>	<u>Volgende</u>	<u>Matig</u>	<u>Basies</u>	<u>Ontoereikend</u>
<p><b>BYLAAG B</b> <b>VRAAG 2.1: VRIENDSKAPLIKE BRIEF</b></p> <p><b>NSS</b> <b>AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL</b></p> <p><b>AFDELING B:</b> <b>LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b></p> <p><b>80 – 100 WOORDE</b></p> <p><b>20 PUNTE</b></p>	<b>TAAL</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Al die reëls van formaat word toegepas.</li> <li>- Vriendskaplike brief is meestal grammatikaal korrek en goed saamgestel.</li> <li>- Woordkeuse is meestal van toepassing vir die doel, gehoor en konteks.</li> <li>- Styl meestal van toepassing.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Reëls van betrokke formaat is toegepas.</li> <li>- Vriendskaplike brief is goed saamgestel en taamlik korrek.</li> <li>- Woordkeuse is taamlik geskik vir die doel, gehoor en konteks.</li> <li>- Styl taamlik toepaslik.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Meeste van formaatvereistes van teks is toegepas.</li> <li>- Vriendskaplike brief is goed saamgestel en redelik akkuraat.</li> <li>- Woordkeuse is redelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks.</li> <li>- Styl redelik toepaslik.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Voldoen aan formaatvereiste van teks.</li> <li>- Vriendskaplike brief is redelik voldoende saamgestel.</li> <li>- Foute beïnvloed nie vloei van teks nie.</li> <li>- Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks.</li> <li>- Styl gedeeltelik toepaslik.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. . – 130 maks.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Het 'n matige idee van formaat van teks - nalatige foute is gemaak.</li> <li>- Vriendskaplike brief net basies saamgestel.</li> <li>- Verskeie foute.</li> <li>- Woordkeuse is baie beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</li> <li>- Gebrek in styl.</li> <li>- Lengte te lank of te kort: minder as 70; meer as 130.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Het 'n vae idee van formaat van teks.</li> <li>- Vriendskaplike brief is swak saamgestel en baie moeilik om te volg.</li> <li>- Woordkeuse het intense remediering nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</li> <li>- Styl nie geskik nie.</li> <li>- Lengte te lank of te kort: minder as 70; meer as 130.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Het nie formaat van teks toegepas nie.</li> <li>- Vriendskaplike brief is baie swak saamgestel en baie verwarrend.</li> <li>- Woordkeuse deurmekaar en is nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</li> <li>- Styl nie geskik vir onderwerp nie.</li> <li>- Lengte ver te lank of te kort: minder as 70; meer as 130.</li> </ul>
<b>INHOUD</b>		<b>Kode 7: 80 – 100%</b>	<b>Kode 6: 70 – 79%</b>	<b>Kode 5: 60 – 69%</b>	<b>Kode 4: 50 – 59%</b>	<b>Kode 3:40 – 49%</b>	<b>Kode 2: 30 – 39%</b>	
<p><u>Uitmuntend</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Uitstekende kennis van kriteria vir tekssoort.</li> <li>- Leerder behou fokus, geen afwyking nie.</li> <li>- Algehele samehang in terme van inhoud en idees, besonderhede ondersteun onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks.</li> </ul>	<b>Kode 7: 80-100%</b>	<p>19-20: (95 – 100%) 18 – 19: (90 – 95%) 17 – 18: (85 – 90%) 16 – 17: (80 – 85%)</p>	<p>16 – 17: (80 – 85%) 15 – 16: (75 - 80%)</p>	<p>15 – 16: (75 – 80%) 14 – 15: (70 – 75%)</p>				
<p><u>Verdiensielik</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Baie goeie kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word.</li> <li>- Leerder behou fokus, feitlik geen afwyking nie.</li> <li>- Inhoud en idees van teks is taamlik samehangend, die besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n taamlik goed beplande teks.</li> </ul>	<b>Kode 6: 70-79%</b>	<p>16 – 17: (80 – 85%) 15 – 16: (75 – 80%)</p>	<p>15 - 16: (75 – 80%) 14 - 15: (70 – 75%)</p>	<p>14 –15: (70 – 75%) 13 – 14: (65 – 70%)</p>	<p>13– 14: (65 – 70%) 12– 19: (60 – 65%)</p>			
<p><u>Beduidend</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Goeie kennis van kriteria vir tekssoort.</li> <li>- Leerder behou fokus, geringe afwyking.</li> <li>- Inhoud en idees van teks is redelik samehangend.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n redelike beplande en goeie teks.</li> </ul>	<b>Kode 5: 60-69%</b>	<p>15 – 16: (75 – 80%) 14 – 15: (70 – 75%)</p>	<p>14 – 15: (70 – 75%) 13 – 14: (65 – 70%)</p>	<p>13 – 14: (65 – 70%) 12 – 13: (60 – 65%)</p>	<p>12 – 13: (60 – 65%) 11 – 12: (55 – 60%)</p>	<p>11 – 12: (55 – 60%) 10 – 11: (50 – 55)</p>		



<p><b><u>Voldoende</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Redelike kennis van vereistes van hoe die tekstipe aangebied moet word.</li> <li>- Skryfwerk – leerder fokus, afwyking belemmer nie betekenis van teks nie.</li> <li>- Inhoud en idees van teks is redelik samehangend, die besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n aanvaarbare teks vir TAT.</li> </ul>	Kode 4: 50-59%		13 – 14: (65 – 70%) 12 – 13: (60 – 65%)	12 – 13: (60 – 65%) 11 – 12: (55 – 60%)	11 – 12: (55 – 60%) 10 – 11: (50 – 55%)	10 – 11: (50 – 55%) 09 – 10: (45 – 50%)	09 – 10: (45 – 50%) 08 – 09: (40 – 45%)	
<p><b><u>Matig</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Gemiddelde kennis van kriteria vir tekssoort, reaksie op teks toon 'n beperkte fokus.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af, belemmer betekenis van teks plek-plek vaag.</li> <li>- Inhoud, idees en samehang is beperk.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n matige bevredigende en samehangende teks vir TAT.</li> </ul>	Kode 3: 40-49%			11 – 12: (55 – 60%) 10 – 11: (50 – 55%)	10 – 11: (50 – 55%) 09 – 10: (45 – 50%)	09 – 10: (45 – 50%) 08 – 09: (40 – 45%)	08 – 09: (40 – 45%) 07 – 08: (35 – 40%)	
<p><b><u>Basies</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ondergemiddelde kennis van kriteria vir tekssoort. Reaksie op teks toon 'n baie beperkte fokus.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks plek-plek nie van toepassing nie.</li> <li>- Baie beperkte samehang in teks.</li> <li>- Geen bewyse van beplanning/konsep nie.</li> </ul>	Kode 2: 30-39%				09 – 10 14: (45 – 50%) 08 – 09: (40 – 45%)	08 – 09: (40 – 45%) 07 – 08: (35 – 40%)	07 – 08: (35 – 40%) 06 – 07: (30 – 35%)	
<p><b><u>Ontoereikend</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Geen kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word nie.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks nie van toepassing nie.</li> <li>- Teks verwarrend en deurmekaar.</li> <li>- Beplanning/konsep ontbreek. Teks swak aangebied.</li> </ul>	Kode 1: 00-29%	MISGETAS: 11 – 12 10 – 11	MISGETAS: 10 – 11 09 – 10	MISGETAS: 08 – 09 07 – 08	MISGETAS: 06 – 08 05 – 06	07 – 08: (35 – 40%) 06 – 07: (30 – 35%)	05 – 06: (25 – 30%) 04 – 05: (20 – 25%) 01 – 03: (05 – 15%)	

<p align="center"><b>BYLAAG B</b> <b>VRAAG 2.2: DIALOOG</b></p> <p align="center"><b>NSS</b> <b>AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL</b></p> <p align="center"><b>AFDELING B:</b> <b>LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b></p> <p align="center"><b>80 – 100 woorde</b></p> <p align="center"><b>20 PUNTE</b></p>	<p align="center">TAAL</p>	<p align="center"><b>UITMUNTEND</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Alle reëls van formaat is toegepas: leestekens korrek, spreekbeurte in blokvorm, reël ooggelaat tussen elke spreekbeurt.</li> <li>- Dialoog is grammatikaal korrek en goed saamgestel.</li> <li>- Woordkeuse van hoogstaande standaard en uiters geskik vir die doel, gehoor en konteks.</li> <li>- Styl, toon, register baie toepaslik: geselstrant.</li> <li>- Gesprekstrategieë: uitmuntend.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<p align="center"><b>VERDIENSTELIK</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Reëls van formaat is toegepas: leestekens korrek, spreekbeurte in blokvorm, reël ooggelaat tussen elke spreekbeurt: 1 soort fout begaan.</li> <li>- Dialoog goed saamgestel en korrek.</li> <li>- Woordkeuse is meestal geskik vir die doel, gehoor en konteks.</li> <li>- Styl, toon en register is meestal toepaslik: geselstrant.</li> <li>- Gesprekstrategieë: baie goed.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<p align="center"><b>BEDUIDEND</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Meeste van reëls van formaat is toegepas: leestekens korrek, spreekbeurte in blokvorm, reël ooggelaat tussen elke spreekbeurt: 1 soort fout begaan.</li> <li>- Dialoog is goed saamgestel en lees maaklik.</li> <li>- Woordkeuse is toepaslik vir doel, gehoor en konteks van dialoog.</li> <li>- Styl, toon en register is algemeen toepaslik: geselstrant.</li> <li>- Gesprekstrategieë: goed+.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<p align="center"><b>VOLDOENDE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Voldoen aan formaatvereistes van dialoog: leestekens korrek, spreekbeurte in blokvorm, reël ooggelaat tussen elke spreekbeurt: 1 soort fout begaan.</li> <li>- Dialoog is so saamgestel dat dit maklik lees.</li> <li>- Foute beïnvloed nie leesbaarheid nie.</li> <li>- Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van dialoog.</li> <li>- Styl, toon en register is taamlik toepaslik: geselstrant.</li> <li>- Gesprekstrategieë: spreekbeurte goed.</li> <li>- Lengte korrek: 70 min. – 130 maks.</li> </ul>	<p align="center"><b>MATIG</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Het 'n matige idee van formaat van dialoog; nalatige foute is gemaak: 2 soorte foute begaan.</li> <li>- Dialoog net basies saamgestel.</li> <li>- Verskeie foute.</li> <li>- Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van dialoog nie.</li> <li>- Gebreke in styl, toon en register.</li> <li>- Gesprekstrategieë: moeilik om spreekbeurte te volg.</li> <li>- Lengte te lank of te kort: minder as 70; meer as 130.</li> </ul>	<p align="center"><b>BASIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Het 'n vae idee van formaat van dialoog: 3 soorte foute begaan.</li> <li>- Dialoog is swak saamgestel en moeilik om te volg.</li> <li>- Woordkeuse het ernstige remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van toespraak nie.</li> <li>- Styl, toon en register nie geskik nie.</li> <li>- Gesprekstrategieë: spreekbeurte nie altyd sinvol nie.</li> <li>- Lengte te lank of te kort: minder as 70; meer as 130.</li> </ul>	<p align="center"><b>ONTOEREIKEND</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Het nie formaat van dialoog toegepas nie.</li> <li>- Dialoog is baie swak saamgestel en baie moeilik om te volg.</li> <li>- Woordkeuse het ernstige remediëring nodig en is nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van toespraak nie.</li> <li>- Styl, toon en register nie geskik nie.</li> <li>- Gesprekstrategieë: spreekbeurte onsamehangend.</li> <li>- Lengte ver te lank of te kort: minder as 70; meer as 130.</li> </ul>
<p align="center"><b>INHOUD</b></p>		<p align="center"><b>KODE 7: 80 – 100%</b></p>	<p align="center"><b>KODE 6: 70 – 79%</b></p>	<p align="center"><b>KODE 5: 60 – 69%</b></p>	<p align="center"><b>KODE 4: 50 – 59%</b></p>	<p align="center"><b>KODE 3: 40 – 49%</b></p>	<p align="center"><b>KODE 2: 30 – 39%</b></p>	<p align="center"><b>KODE 1: 00 – 29%</b></p>
<p align="center"><b>UITMUNTEND</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Gespesialiseerde kennis van vereistes vir dialoog.</li> <li>- Gedissiplineerde skryfwerk: leerder behou fokus; geen afwyking nie.</li> <li>- Algehele samehang in terme van inhoud en idees; alle besonderhede ondersteun onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n feitlik foutlose, beplande dialoog.</li> </ul>	<p align="center"><b>KODE 7:</b> 80-100%</p>	<p align="center"><b>19-20: (95 – 100%)</b> <b>18 – 19: (90 – 95%)</b> <b>17 – 18: (85 – 90%)</b> <b>16 – 17: (80 – 85%)</b></p>	<p align="center"><b>16 – 17: (80 – 85%)</b> <b>15 – 16: (75 – 80%)</b></p>	<p align="center"><b>15 – 16: (75 – 80%)</b> <b>14 – 15: (70 – 75%)</b></p>				
<p align="center"><b>VERDIENSTELIK</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Goeie kennis van vereistes vir dialoog.</li> <li>- Gedissiplineerde skryfwerk: leerder behou fokus; feitlik geen afwyking nie.</li> <li>- Inhoud en idees van dialoog is samehangend; al die besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n goed beplande dialoog.</li> </ul>	<p align="center"><b>KODE 6:</b> 70-79%</p>	<p align="center"><b>16 – 17: (80 – 85%)</b> <b>15 – 16: (75 – 80%)</b></p>	<p align="center"><b>15 – 16: (75 – 80%)</b> <b>14 – 15: (70 – 75%)</b></p>	<p align="center"><b>14 – 15: (70 – 75%)</b> <b>13 – 14: (65 – 70%)</b></p>	<p align="center"><b>13 – 14: (65 – 70%)</b> <b>12 – 13: (60 – 65%)</b></p>			
<p align="center"><b>BEDUIDEND</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Redelike kennis van vereistes van dialoog.</li> <li>- Skryfwerk: leerder behou fokus; geringe afwyking.</li> <li>- Inhoud en idees van dialoog is meestal samehangend; besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n goed beplande dialoog.</li> </ul>	<p align="center"><b>KODE 5:</b> 60-69%</p>	<p align="center"><b>15 – 16: (75 – 80%)</b> <b>14 – 15: (70 – 75%)</b></p>	<p align="center"><b>14 – 15: (70 – 75%)</b> <b>13 – 14: (65 – 70%)</b></p>	<p align="center"><b>13 – 14: (65 – 70%)</b> <b>12 – 13: (60 – 65%)</b></p>	<p align="center"><b>12 – 13: (60 – 65%)</b> <b>11 – 12: (55 – 60%)</b></p>	<p align="center"><b>11 – 12: (55 – 60%)</b> <b>10 – 11: (50 – 55%)</b></p>		
<p align="center"><b>VOLDOENDE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Voldoende kennis van vereistes van dialoog.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie.</li> <li>- Inhoud en idees van dialoog is samehangend uitgebrei en besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van bevredigende dialoog.</li> </ul>	<p align="center"><b>KODE 4:</b> 50-59%</p>		<p align="center"><b>13 – 14: (65 – 70%)</b> <b>12 – 13: (60 – 65%)</b></p>	<p align="center"><b>12 – 13: (60 – 65%)</b> <b>11 – 12: (55 – 60%)</b></p>	<p align="center"><b>11 – 12: (55 – 60%)</b> <b>10 – 11: (50 – 55%)</b></p>	<p align="center"><b>10 – 11: (50 – 55%)</b> <b>09 – 10: (45 – 50%)</b></p>	<p align="center"><b>09 – 10: (45 – 50%)</b> <b>08 – 09: (40 – 45%)</b></p>	

<p><b>MATIG</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Matige kennis van vereistes van dialoog; respons op dialoog vertoon beperkte fokus.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af; dit belemmer betekenis van dialoog plek-plek.</li> <li>- Inhoud en idees van dialoog is nie altyd samehangend nie; basiese besonderhede ondersteun die onderwerp soms.</li> <li>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot <b>middelmatige samehangende aanbieding van dialoog.</b></li> </ul>	<p>KODE 3: 40-49%</p>			<p>11 – 12: (55 – 60%) 10 – 11: (50 – 55%)</p>	<p>10 – 11: (50 – 55%) 09 – 10: (45 – 50%)</p>	<p>09 – 10: (45 – 50%) 08 – 09: (40 – 45%)</p>	<p>08 – 09: (40 – 45%) 07 – 08: (35 – 40%)</p>	<p>07 – 08: (35 – 40%) 06 – 07: (30 – 35%)</p>
<p><b>BASIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Basiese kennis van vereistes van dialoog; respons op dialoog vertoon 'n baie beperkte fokus.</li> <li>- Skryfwerk: leerder wyk af; betekenis van dialoog plek-plek nie van toepassing nie.</li> <li>- Inhoud en idees van dialoog is nie altyd samehangend nie; min besonderhede ondersteun die onderwerp.</li> <li>- Beplanning/konsep onaanvaarbaar; dialoog nie goed aangebied nie.</li> </ul>	<p>KODE 2: 30-39%</p>				<p>09 – 10 14: (45 – 50%) 08 – 09: (40 – 45%)</p>	<p>08 – 09: (40 – 45%) 07 – 08: (35 – 40%)</p>	<p>07 – 08: (35 – 40%) 06 – 07: (30 – 35%)</p>	<p>05 – 06: 25– 30%) 04 – 05: 20 – 25%) 03 – 04: 15 – 20%)</p>
